# Hoërskool Tuine

STANDVASTIG

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

**NO 1 VAN 2026** **19 Januarie 2026**

**Geagte Ouers en voogde**


’n Spesiale woord van verwelkoming aan elke ouer en leerder aan die begin van die 2026 akademiese jaar. Ons vertrou dat u ’n geseënde en verkwikkende vakansietyd gehad het. Die personeel van Hoërskool Tuine is opgewonde oor die jaar wat voorlê en sien uit hierdie nuwe jaar saam met u en u kind aan te pak en om 2026 in vennootskap met ons ouergemeenskap aan te durf.

Hierdie jaar is vir ons besonder betekenisvol aangesien Hoërskool Tuine, in samewerking met die NG Kerk Tuine, ons 70-jarige bestaansjaar vier. Verdere besonderhede rakende die feesvieringe sal binnekort aan u gekommunikeer word.

U betrokkenheid by die skool bly van kardinale belang. Ons doen daarom ’n ernstige beroep op u om u kind én die skool aktief te ondersteun tydens akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite. Sukses is die resultaat van samewerking tussen ouers, leerders en personeel.

## Tema - 70 Seëninge:

Ons hou met trots die tema van die jaar aan u voor: 70 Seëninge. Hierdie tema sluit direk aan by ons feesjaar en herinner ons daaraan om met dankbaarheid terug te kyk, maar ook met geloof en hoop vorentoe te beweeg. Mag elke leerder en gesin hierdie jaar die seëninge van groei, volharding en prestasie beleef.



# Ons skool. Ons waardes. Ons toekoms:

Trots

Uitnemendheid

Inspirasie

Nederig

Entoesiasties

Hoërskool Tuine streef daarna om elke leerder holisties te ontwikkel deur kwaliteit onderrig, sterk waardes en 'n kultuur van dissipline, respek en strewe na uitnemendheid.

Ons missie bly om leerders toe te rus met kennis, vaardighede en karakter om verantwoordelike en selfstandige burgers te word. U, as ouer, speel 'n integrale rol in die proses.

Hoërskool Tuine se *vyf waardes* bepaal ons gesindheid en gedrag op elke terrein. In die dagboek gaan u 'n erekode en onderneming ontvang. Dit moet deur u as ouer en deur elke leerder onderteken word. Dit stipuleer spesifiek wat van die leerders verwag word sodat ons waardes uitgeleef kan word.

Die dagboeke sal binnekort beskikbaar wees. Dit is verpligtend vir alle leerders om 'n skooldagboek aan te skaf teen 'n minimum fooi van R50. Leerders sal die gelde by die finansiële kantoor inbetaal en die bewys van betaling aan die voogpersoneel gee sodat 'n dagboek uitgereik kan word.

# Graad 8 - 2026:




'n Baie hartlike welkom aan ons nuwe Tuimelbossies. Ons vertrou dat julle spoedig deel sal word van die Tuine-familie, jul voete sal vind en met selfvertroue sal groei binne ons gevestigde kultuur en waardestelsel. Ons wens elke Graad 8-leerder 'n geseënde en suksesvolle hoërskoolloopbaan toe.

# Graad 12 - 2025:

Baie geluk aan die Graad 12-leerders van 2025 met hul uitstekende NSS-uitslae. Jul prestasie het Hoërskool Tuine se waardes opnuut bevestig en lewendig gemaak:

| | |
|---|---|
| ***Trots* –** | Ons is opreg trots op die 97,2% slaagsyfer. |
| ***Uitnemend* –** | Julle het tot aan die einde met deursettingsvermoë en fokus uitnemend presteer. Dit is die hoogste slaagsyfer in die afgelope tien jaar. |
| ***Inspirerend* –** | Jul prestasie dien as inspirasie vir ons jonger grade om hoër hoogtes na te streef. |
| ***Nederig* –** | Julle het met nederigheid en volharding gewys uit watter stoffasie julle gemaak is deur die slaagsyfer met 3,5% te verhoog. |
| ***Entoesiasties* –** | Dankie vir jul entoesiasme waarmee julle Hoërskool Tuine se naam hoog gehou het, sodat ons met trots kan sê – Wel gedaan Gr 12 van 2025. Julle verdien dit. Met jul slaagsyfer besef ons net weereens hoeveel seën ons uit die Vaderhand ontvang. |

## BAIE STERKTE AAN DIE GRAAD 12'S VAN 2026.

ons skool ons waardes ons toekoms

## Skoolgelde en Vrystelling van skoolgelde:

Ouers word vriendelik versoek om hul verpligtinge rakende skoolgelde na te kom sodat die skool steeds gehalte onderrig en funksionele ondersteuning kan bied. Sien asseblief meegaande brief rakende die skoolgelde vir 2026.

**Vrystellingaansoeke:**
Die verpligte vergadering sal as volg plaasvind en alle voornemende ouers wat wil aansoek doen vir vrystelling moet die vergadering bywoon:

**Datum:** 31 Januarie 2026
**Tyd:** 09:00
**Plek:** Skoolsaal

Gepaard met die vergadering is die koste om aansoek te doen vir die betaling van 'n leefstyl oudit R100 per aansoek. Die vorms om aansoek te doen vir vrystelling sal na die vergadering beskikbaar wees. Ouers moet self die vorm kom afhaal en binne 14 dae terugbesorg.

## Skooldrag / Kleredrag:

Ouers en leerders moet asseblief kennis neem van die volgende veranderinge en bepalings:

- Die sportbaadjie (dri-mac) is deel van ons sportdrag en leerders sal nie meer toegelaat word om die baadjie gedurende skooltyd te dra vanaf Kwartaal 4 nie (Ouerbesluit op AJV).
- Leerders mag slegs die amptelike sportdrag en tekkies dra tydens LO-praktiese periodes. Geen ander kleredrag sal aanvaar word nie. Dit vorm deel van formele assessering.
- *Die dra van die korrekte sport – en skooldrag is nie onderhandelbaar nie.*
- Ons vra dat elke ouer sy/haar verantwoordelikheid sal nakom ten opsigte van u kind se sportdrag/skooldrag. Ons is ongelukkig nie in die posisie om elke ouer by te staan deur veral sportklere- en toerusting te voorsien nie.

Ons vra dat u asseblief ons hande versterk en verseker dat u kind deurlopend korrek geklee is en voldoen aan die nodige skooldrag- en voorkomsreëls.

## Demeriete:

Alle Skedule 1-oortredings word onmiddellik deur vakpersoneel aangeteken en ouers sal kennis ontvang. Leerders wat ook sonder 'n stuurkaart uit 'n klas is (ongeag die rede), sal ongelukkig ook demerietes ontvang. Geen leerder mag 'n klas verlaat sonder 'n geldige stuurkaart nie.

Daar is ongelukkig steeds leerders wat die tendens het om laat te kom vir skool. Laatkom word streng hanteer en leerders wat laat is, moet by die hek aanmeld by Mnr. du Preez.

Die hek aan die westekant sal soggens slegs van *06:45-07:00* oop wees. Dit sal daarna gesluit word en leerders sal dan van die hoofhek gebruik moet maak. Ons vra u samewerking dat u seker maak dat u kind in die terrein inbeweeg nadat u hom/haar afgelaai het.

## Afwesighede:

Indien 'n leerder afwesig is, vra ons dat u die skool onverwyld sal kontak asook 'n skriftelike verskoning sal deurstuur na afwesighede@hstuine.co.za. Die nodige bewyse (mediese sertifikaat of kliniekbrief) moet met die terugkeer by die skool ingehandig word. Indien 'n leerder afwesig is vir langer as 3 dae sonder kennisgewing, sal die ouers gekontak word. Indien 'n leerder 5 dae afwesig is, sonder enige kennisgewing

aan die skool, word ‘n onderhoud met die skoolbestuur vereis sodat u kind se pad vorentoe bespreek kan word. Leerders ontvang -50 punte vir elke ongeldige afwesighede.

## Selfoonprosedure:

Ons herinner u daaraan dat Hoërskool Tuine ‘n selfoonvrye omgewing is, met geen selfoon wat sigbaar of in gebruik mag wees nie van klok tot klok. Dit sluit oorfone (buds) in. Indien dit wel sigbaar is, gaan die personeel dit konfiskeer en die dissiplinêre proses gaan gevolg word. Die volledige reëls is in die dagboek beskikbaar.

## Uittekenprosedure:

Ons vra ouers se begrip en samewerking om ons hande te versterk en die uitteken van leerders te beperk, aangesien uitteken gedurende skoolure die akademiese program ongelooflik baie ontwrig. Die volgende reëls is dus van toepassing by die uitteken van leerders:

1. Leerders sal slegs tussen klaswisseling na die voorportaal ontbied word. Slegs in noodgevalle sal die bestuur ’n versoek toelaat om die leerders tydens klastyd uit te roep.
2. Indien ’n leerder noodgedwonge ’n afspraak tydens skooltyd het, moet die volgende prosedure gevolg word:

   a. Die versoek moet ’n dag voor die tyd gerig word via ’n e-pos na ontvangs@hstuine.co.za.

   b. Die leerder moet op die dag wat hy/sy vroeër moet verdaag deur die ouer (soos op die stelsel aangedui) persoonlik by die kantoor afgehaal en uitgeteken word. Geen e-pos of SMS sal aanvaar word nie.

3. Geen leerder sal toegelaat word om die klas sommer net te verlaat nie.
4. Leerders moet ook eers die korrekte uittekenprosedure volg deur uit te teken by hul Graadhoof (dus is beplanning noodsaaklik, want Graadhoofde gee klas en hou nie van enige steurnis nie).
5. Gr. 12-leerders moet by die Hoof uitteken.

## Kommunikasiekanale:

Ons doen ‘n beroep op u om die skool se telefoonnommer te stoot op u selfoon (veral die uitgaande nommer). Indien die nommer nie op u foon gestoor is nie, kan u foon ‘n “spam nommer” aandui.

*U sal ook in die dagboek die nodige kommunikasiekanale kry wat u kan volg om probleme, so na as moontlik aan die punt van oorsprong, op te los.*

**Probleme in verband met onderrig, leer en vakinhoude:**
Vakonderwyser → Departementshoof → Akademiese hoof (Mev. Moorcroft) → Hoof

**Probleme in verband met leerders anders as onderrig, leer:**
Klasonderwyser → Graadvoog→ Graadhoof → Hoof

**Probleme in verband met Sport:**
Afrigter → Sporthoof (Mnr. Treeby) → Adjunkhoof (Mnr. Voges) → Hoof

**Maatskaplike probleme:**
Mev. van Schalkwyk → Adjunkhoof (Mev. Moorcroft) → Hoof

**Probleme in verband met Dissipline, Detensie en Boelies**:
Dissipline kantoor → Mnr. du Preez / Mnr. Schoeman → Hoof

**Probleme in verband met afwesigheid:**
Graadvoog / Graadhoof → Adjunkhoof (Mnr. Voges/ Mev. Moorcroft ) → Hoof

| | | | |
|---|---|---|---|
| Beheer | Hoof | hoof@hstuine.co.za<br>Gr. 12 | Mnr. J. Furstenberg |
| | AH 1 | mmoorcroft@hstuine.co.za<br>Akademie, Kultuur; Gr. 8 & Gr. 11 | Mev. M. Moorcroft |
| | AH 2 | pvoges@hstuine.co.za<br>Sport, Logistiek, Gr, 9 & Gr. 10 | Mnr. P. Voges |
| Departementshoofde | Afrikaans | | Mev. E du Plessis<br>eduplessis@hstuine.co.za<br>Gr. 8 Graadhoof |
| | GV/ VS / Teg./ IGO/ LBT/VK/SK | | Mnr. J. Furstenberg<br>prakties@hstuine.co.za<br>Gr. 9 Graadhoof |
| | BS/ Toerisme/ Bemarking | | Mev. M. Mahoney<br>bemarking@hstuine.co.za<br>Gr. 10 Graadhoof |
| | Ekonomiese Wetenskappe<br>(EBW/REK)/RTT | | Mnr. E. Carstens<br>ecarstens@hstuine.co.za<br>Gr. 11 Graadhoof |
| | Engels | | Mnr. D. Voges<br>dvoges@hstuine.co.za<br>Gr. 12 Graadhoof |
| | FW/ LW/NW/ Wiskunde/ Wiskundige Geletterdheid/Sport | | Mnr. B. Treeby<br>sport@hstuine.co.za |
| | LO/ Gesk./ SW/ Geo. | | Mev. Y van Schalkwyk<br>yvanschalkwyk@hstuine.co.za |
| | Dissipline | | Mnr. D. Schoeman<br>dissipline@hstuine.co.za |

## Deurlopende Assessering en Slaagvereistes:

Akademie is steeds ons grootste en belangrikste prioriteit by Hoërskool Tuine. Die bereiking van slegs die minimum vereistes nie 'n aanvaarbare norm meer nie. Daar word van elke leerder verwag om ten minste 'n minimum van 50%+ gemiddeld per vak te handhaaf. U hulp en ondersteuning sal opreg waardeer word. Praktiese Assesseringstake (PAT) is 'n integrale komponent van assessering en dra ook 'n aansienlike persentasie gewig van leerders se promosiepunt. Indien 'n leerder versuim om 'n PAT-opdrag in te gee, kan dit daartoe lei dat die leerder nie aan die einde van die jaar die betrokke vak slaag nie en ook nie toelating kry tot die finale eksamen nie.

Neem asb. kennis van die volgende akademiese vereistes. U moet seker maak dat u kind voldoen aan die formele assesseringvereistes.

| **Promosievereistes vir Gr. 8 & 9** | |
|---|---|
| 50 % | Afrikaans Huistaal |
| 40 % | English FAL |
| 40 % | Wiskunde |
| 40 % | 3 ander vakke |
| 30 % | 2 ander vakke |
| Alle SBA-opdragte moet voltooi wees. Indien 'n leerder uitstaande SBA-punte het, mag toelating tot die finale eksamen geweier word. | |
| **Jaarpunt (40%) + Eksamenpunt (60%) = Promosiepunt (100%).** | |
| **Promosievereistes vir Gr. 10-12** | |
| 40 % | Afrikaans Huistaal |
| 40 % | 2 ander vakke |
| 30 % | 3 ander vakke |
| Alle SBA-opdragte moet voltooi wees. Indien 'n leerder uitstaande SBA-punte het, mag toelating tot die finale eksamen geweier word. | |
| **Jaarpunt (25%) + Eksamenpunt (75%) = Promosiepunt (100%).** | |

ons skool ons waardes ons toekoms

# D6 - Toep:




Ons doen 'n beroep op u om die D6-Toep af te laai. Alle kommunikasie en inligting word via die toep gedeel. Dit sal u ook in staat stel om op hoogte te bly van u kind se gedrag, teenwoordigheid by die skool en selfs klasbywoning.

Indien u hulp benodig, kan u appsupport@d6.co.za skakel om u by te staan.

# Kwartaalprogram:

20.01.2026: ***Gr. 12: Ouerinligtingsaand.***
21.01.2026: ***Gr. 9-11: Ouerinligtingsaand.***
23.01.2026: Atletiek: Interhuis.
28.01.2026: ****Gr. 8: Ouerinligtingsaand & Groentjiekonsert.***
30.01.2026: Atletiek: Massabyeenkoms (Tuis).
31.01.2026: ***Vrystellingsvergadering (09:00 in die skoolsaal). (Dit is 'n VERPLIGTE vergadering vir alle voornemende ouers wat wil/gaan aansoek doen vir vrystelling).***
06.02.2026: Atletiek: Tuisbyeenkoms.
09.02.2026: Prysuitdeling: Gr. 9-12.
13.02.2026: Atletiek: Erasmus (Weg).
20.02.2026: Wintersportaand (meer inligting volg).
24.02.2026: Interhoër.
02.03.2026: Papierprojek begin.
07.03.2026: Superreeks: Vereeniging Gimnasium (Weg).
14.03.2026: Superreeks: Brandwag (Tuis).
19.03.2026: Talentaand.
21.03.2026: Superreeks: Hertzog (Tuis).
24.03.2026: Rugby: HTS Tuine (Tuis).
Netbal: HTS John Vorster (Tuis).
26.03.2026: Mini Mnr & Mej. Tuine.
27.03.2026: Skool sluit – Leerders ontvang KW 1 rapporte.

* ***Ouerinligtingsaande om 18:00 in die skoolsaal.***

Punte van belang wat bespreek sal word sluit onder meer die volgende in:

a. Ontmoet graadhoof asook vakpersoneel – u kan dan ook moontlike probleme uitlig wat van belang is.
b. Akademie en afwesighede sal bespreek word.
c. Hoe hanteer ons die druk program wat voorlê.
d. Waar eindig die skool se verantwoordelikheid en waar begin u verantwoordelikheid.

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof

ons skool ons waardes ons toekoms

# Hoërskool Tuine

STANDVASTIG

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
E-pos: admin@hstuine.co.za
Webtuiste: www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

# SKOOLGELD 2026

## R25 850.00 per leerder per jaar.

11 GELYKE PAAIEMENTE VAN R2 350 PER MAAND VANAF 1 JANUARIE TOT 1 NOVEMBER.

**Reëlings ten opsigte van skoolgelde**
Skoolfonds is jaarliks/maandeliks vooruitbetaalbaar.
Sentrumfooie word gehef.
Alle skrifte moet self aangekoop word.

**Betalingsmetodes**

1. Debietorders
   Vorms is in die kantoor beskikbaar. U mag u betaaldatum kies (bv. 1ste of 15de van die maand, indien u datum na die 15de kies moet 1ste paaiement reeds betaal wees). Debietorder word na 2 nie-betalings gestop. Skakel finansieskantoor vir enige navrae.

2. Internetbetalings, Direkte betalings by die bank, Kaartlose deposito's by ABSA ATM
   In al die bogenoemde gevalle, gebruik u familiekode en van (bv. 3953 Theron).
   Indien u vir twee leerders betaal, gebruik steeds die familiekode en van (bv. 3953 Theron). Die bedrag sal dan tussen die twee leerders verdeel word.
   Dit is belangrik om die regte verwysing te gebruik sodat geld na die regte rekening geallokeer kan word.

3. Kontantbetalings en kaartbetalings
   Leerders of ouers kan kontant- of kaartbetaling by die finansieskantoor betaal. Ouers is enige tyd welkom, leerders slegs voor skool, pouse en na skool.

**Bankbesonderhede**
Hoërskool Tuine ABSA
Tjekrekening
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 80850042
Verwysing: Familiekode en van

**Vrystellings**
Aansoek vir vrystelling van skoolgelde sal vanaf 31 Januarie 2026 beskikbaar wees na afloop van die Vrystellingsvergadering, teen 'n koste van R100. Alle vorms moet deur ouers self by die skool uit- en ingeteken word. GEEN AANSOEK SAL AAN LEERDERS GEGEE WORD NIE OOK NIE PER E-POS GESTUUR WORD NIE.

**Navrae**
E-pos: finansies@hstuine.co.za

ons skool ons waardes ons toekoms